Verwoerd se kinders sing 'n ander taal

Met die aanbreek van Afrikaans se honderdste verjaardagjaar, het nagklubgangers in die hart van die kosmopolitiese Hillbrow behoorlik regop moes sit soos die Boere die plek aan't dans, sing en koggel had.

Dit was 'n vreemde *eerste* vir Afrikaans – sardientjie-gepakte sale by Johannesburg se bekendste twee kuierplekke – Club 58 in Hillbrow en die befaamde avant garde-plek van Berea, die Black Sun. By Club 58 was daar nog net een keer tevore 'n Afrikaanse opvoering (wat nog te sê van kabaret) en by die Black Sun nog nooit.

En dié manne en vroue wat die nagklublewe in Johannesburg so ver-Afrikaans het? Dit was Johannes Kerkorrel en André Letoit van die Gereformeerde Blues Band, ook Casper de Vries met sy eiesoortige satire, en sangers soos Laurika Rauch en Jannie du Toit in *Van Berlyn tot Bapsfontein*.

By die Black Sun het die Gereformeerde Blues Band vol sale getrek van hoofsaaklik jong Afrikaner *jappies* en *trendies* uit Yeoville. Só vol was dit by tye dat mense van die dakbalke gehang het, op die grond gesit het en by die deur uit gestaan het. Selfs die ernstige Pretorianers het hulself geroepe gevoel om tog te kom kyk hoe Afrikaans in die land se kulturele sentrum gepraat en gebruik word.

Die koerante was gaande, veral die Engelstaliges, wat blomryk die 'nuwe, betrokke Afrikaanse teater' besing het.

En hoe meer die koerante geskryf het, hoe meer het die mense by die Black Sun opgedaag. Mense van so ver as Kempton Park en Vereeniging wou na dié nuwe Afrikaanse verskynsel kom kyk. Baie was teleurgesteld. Baie was sommer pleinweg ontsteld, want die Gereformeerde Blues Band ontsien g'n heilige koei nie.

Ook in Bloemfontein, waar die jonger geslag vir Johannes Kerkorrel en André Letoit met ope arms ontvang het, was die tonge vir die jong klomp net lékker los en vir die ouer garde weer te skérp, en het etlikes die saal verlaat.

Dis 'n goeie teken as die mense uitstap, sê Johannes Kerkorrel selfversekerd. "Dit sê ten minste ons raak hulle".

Hoekom is dié nuwe Afrikaanse kabaret dan só gewild?

"Ons probeer 'n alternatief gee op bestaande Afrikaanse musiek," sê Johannes Kerkorrel. "Ons probeer om Afrikaans te laat *rock*. Dit breek weg van versigtigheid en soetsappigheid.

"Ons is g . .vol vir Bles Bridges en Cora Marie."

Met dié dan het die Gereformeerde Blues Band 'n ekstra dimensie aan hul kabaret gegee, deurdat hulle T-hempies verkoop met dié motief: *Ek verpes Bles.*

"Ons probeer om aktueel te wees, bewus van die *issues* van die dag. En ons praat daaroor. Dit onderskei ons van die musiek en musikante wat ons voorafgegaan het.

"Ons probeer om nuwe en oorspronklike werk te skep. Ons is keelvol vir die (Jacques) Brel-kabarette wat tot vervelens toe opgevoer word."

Die Gereformeerde Blues Band was nie voorbereid op die sukses wat hulle getref het nie. Die bestuurder van die Black Sun natuurlik, vir wie dit om ander dinge as sogenaamde betrokke teater gaan, het die Band glo gesmeek om hul speelvak (van 14 Januarie tot 16 Februarie) te verleng. Maar die Band is Bloemfontein toe en sou later verlede maand Pretoria toe.

Niemand sou kon dink nie dat jong Afrikaners só honger sou wees na 'n gekoggel en 'n gespot met van die land se heiligste koeie . . .

Stoffeltjie, stoflap
Vryf alles blink
Binne is dit stink
Maar buite vryf hy blink
of:
Donker donker land
In die dorpe en die stede
ly die mense honger

Laurika Rauch en Jannie du Toit by Club 58.

'In die sestigerjare het dr. Verwoerd vir ons ouers gesê die Nasionale Party veg vir hul kinders. Ons is daardie kinders. Ons het Afrikaans kom aantref as 'n stywe, formele 'onderdrukkerstaal'. Ons wil in Afrikaans wys dat ons as jong Afrikaners ons nie hoef te vereenselwig met daardie houding wat die taal byna laat sterf het nie. Ons vat ons taal nou terug.'

Johannes Kerkorrel en André Letoit van die Gereformeerde Blues Band.

➡